basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DRAMATIESE KUNSTE

## 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | $20^{ste}$-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke $20^{ste}$-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**
- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**
- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**
- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

VRAAG 2: *Woza Albert!* — Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* — Junction Avenue Teater Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* — PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

VRAAG 5: *Nothing but the Truth* — John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* — Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* — Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.**

**AFDELING A: 20^ste^-EEUSE TEATERBEWEGINGS**

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**




In 'n opstel, evalueer en bespreek die 'krag van die toneelstuk' op die bladsy en op die verhoog deur enige DRIE van die dramatiese elemente wat in BRON A gegee word, in ag te neem. Verwys na beide die 20ste-eeuse Teaterbeweging en die toneelteks wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Skryf die titel van die toneelteks en 20ste-eeuse Teaterbeweging (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) aan die begin van jou opstel neer.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**

*(They dance on.)*

BOTH: (*singing*):
Yamemeza inkosi yethu
Yathi mathambo hlanganani
Oyawa vusa amaqhawe amnyama
Wathi kuwo

[Our Lord is calling.
He's calling for the bones of the dead to join together.
He's raising up the black heroes.
He calls to them]

MBONGENI: Steve Biko! The hero of our children! Please Morena – Please raise him!

PERCY: Woza Steve!

MBONGENI: Steve! Steve! Uyangikhumbula ngikulandela eKingwilliams-town? [Steve, do you remember me, following you in Kingwilliamstown?]

BOTH: *(dancing)* Woza Bram Fischer! … Woza Ruth First! ... Woza Griffith Mxenge … Woza Hector Peterson … *(They stop, arms raised triumphantly.)* WOZA ALBERT!!!

*(Blackout.)*

2.1 Som die gebeurtenisse na Morena se dood op wat tot die finale toneel van die toneelstuk lei. (4)

2.2 Verduidelik waarom Hector Peterson 'n belangrike simbool van die apartheidvryheidstryd (reël 16) is. (3)

2.3 Regverdig die gebruik van verskillende tale in BRON B. (4)

2.4 Motiveer waarom sang en dans 'n belangrike deel van die toneel in BRON B is. (4)

2.5 Stel voor hoe 'n hedendaagse gehoor moontlik op die finale gebeure of oomblikke van 'n opvoering van die toneel in BRON B kan reageer. (3)

2.6 Brei uit oor hoe jy blok of tegniese aspekte kan gebruik om hierdie finale toneel op te voer. (6)

2.7 Bespreek die mate waartoe die toneelstuk *Woza Albert!* aspekte van die vryheidstryd vasvang. (6)

2.8 Evalueer hoe jou studie van hierdie toneelteks jou denke gevorm het oor die kwessies geopper, met inagneming van huidige omstandighede. (10)

**[40]**

**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**

JAKES: This destruction is called Triomf. I hope the dust of that triumph settles deep in the lungs like a disease and covers these purified suburbs with ash. Memory is a weapon. Only a long rain will clean away these tears.

*(The Cast sing 'Izinyembezi zabantu')*

Izinyembezi zabantu Izinyembezi zabantu Izinyembezi zabantu

Sophiatown Sophiatown Sophiatown

Izinyembezi zabantu

[Tears of the people (3)

Sophiatown (3)

Tears of the people]

*(Fade to black)*

3.1 Som die gebeurtenisse op wat tot Jakes se finale praatbeurt in BRON C gelei het. (2)

3.2 Motiveer hoe hierdie toneel Jakes se baie rolle en verantwoordelikhede uitlig. (3)

3.3 Verduidelik die boodskap wat Jakes in reëls 1–3 oordra. (4)

3.4 Lewer kommentaar oor die belangrikheid van die naamsverandering van Sophiatown na Triomf (reël 1). (4)

3.5 Stel voor hoe die liedjie die boodskap van hierdie toneel versterk. (4)

3.6 Bespreek die mate waartoe die vertel van die storie van Sophiatown aspekte van die vryheidstryd vasvang. (4)

3.7 Stel voor hoe 'n hedendaagse gehoor moontlik op die finale gebeure of oomblikke van 'n opvoering van die toneel in BRON C kan reageer. (3)

3.8 Brei uit oor hoe jy blok of tegniese aspekte kan gebruik om hierdie finale toneel op te voer. (6)

3.9 Evalueer hoe jou studie van hierdie toneelteks jou denke gevorm het oor die kwessies geopper, met inagneming van huidige omstandighede. (10)
**[40]**

## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**

*(Daar is 'n slag in die huis, Tiemie gil, 'Sugar, Sugar' raak skielik stil. Ma ruk aan die agterdeur, pleit tussendeur.)*

MA: Tjokkie, help!

TJOKKIE: Ek het alles bewetter. *(Hy mompel.)* Alles my skuld … alles bewetter …

*(Hy gaan na die motor, kruip onder hom in nadat hy die domkrag oopgedraai het.)*

MA: Tjokkie!

(*Die domkrag sis stadig laer, die gesis word versterk deur klankeffekte. Ma nog by die deur, Jakes kom uit met die kanseldoek in sy hande. Hy gooi dit in Ma se gesig.)*

JAKES: *(bo die gesis uit)* Daar is jou verdomde love.

*(Ma staan tussen haar kinders, sy weet nie na wie toe om te gaan nie … kyk na die doek in haar hande.)*

MA: Daar's bloed aan … daar's altyd net bloed aan …

*Gordyn*

4.1 Som die gebeurtenisse (na Tjokkie se visioen) op wat tot die finale toneel van die toneelstuk gelei het. (3)

4.2 Motiveer hoe die liedjie en die skielike einde daarvan tot die boodskap van die toneelstuk bydra (reël 1). (4)

4.3 Verduidelik die doeltreffendheid van die herhaling in reël 4. (2)

4.4 Lewer kommentaar oor die belangrikheid van die bloedbevlekte kanseldoek (reël 9). (4)

4.5 Assesseer hoe die kwessie van geslagsgebaseerde geweld in BRON D uitgebeeld word. (4)

4.6 Evalueer tot watter mate Tjokkie die slagoffer van sy eie gawe as die 'Siener' word. (4)

4.7 Stel voor hoe 'n hedendaagse gehoor moontlik op die finale gebeure of oomblikke van 'n opvoering van die toneel in BRON D kan reageer. (3)

4.8 Brei uit oor hoe jy blok of tegniese aspekte kan gebruik om hierdie finale toneel op te voer. (6)

4.9 Evalueer hoe jou studie van hierdie toneelteks jou denke gevorm het oor die kwessies geopper, met inagneming van huidige omstandighede. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON E

**Oudisies**
**vir 'n internasionale/oorsese produksie van**
***Nothing but the Truth*** **deur John Kani**

GENRE: REALISME IN DIE TEATER

GESELSKAP: **SLICE OF LIFE PRODUCTIONS**

***~ 'n Greep uit die lewe op die verhoog ~***

PRODUKSIEBESKRWYING:
*Nothing but the Truth* is 'n gesinsdrama wat in die jaar 2000 in Port Elizabeth afspeel. Die toneelstuk speel af teen die agtergrond van die WVK, terwyl waarheid en vergifnis op 'n persoonlike en politieke vlak ondersoek word.

ROLVERDELING: **Oudisies sal vir die volgende rolle gehou word:**

SIPHO
THANDO
MANDISA

BENODIG: **Foto (in karakter)**
**Opvoer van 'n toneel uit die toneelstuk**

5.1 Veronderstel jy is 'n professionele akteur wat op die oudisiekennisgewing in BRON E reageer.

5.1.1 Noem die karakter wat jy vir jou oudisie gekies het en gee 'n rede vir jou keuse. (1)

5.1.2 Beskryf die karakter wat in VRAAG 5.1.1 genoem is. (4)

5.1.3 Stel voor watter klere jy vir die vereiste foto 'in karakter' kan dra. (3)

5.2 Jy is versoek om vir jou oudisie 'n dramaties uitdagende toneel, wat spanning in die toneelstuk skep, voor te berei.

5.2.1 Som op wat in die toneel wat jy gekies het, gebeur. (3)

5.2.2 Motiveer waarom jy die toneel in VRAAG 5.2.1 gekies het. (3)

5.2.3 Verduidelik enige DRIE van Stanislavski se tegnieke/metodes wat jy kan gebruik om voor te berei vir jou optrede in die toneel wat jy gekies het. (6)

5.2.4 Bespreek hoe jy jou stem of liggaam kan gebruik om die karakter in hierdie toneel te speel. (4)

5.3 Analiseer waarom die frase ' 'n Greep uit die lewe op die verhoog' 'n gepaste beskrywing van die genre van *Nothing but the Truth* is, deur na die intrige, taal en stel te verwys. (6)

5.4 Evalueer of *Nothing but the Truth* 'n gewilde en relevante toneelstuk vir internasionale/oorsese gehore kan wees, of nie. Fokus op die sosiale, politieke en kulturele kontekste. (10)

**[40]**

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F**

**Oudisies**
**vir 'n internasionale/oorsese produksie van**
***Groundswell* deur Ian Bruce**

GENRE: REALISME IN DIE TEATER

GESELSKAP: **SLICE OF LIFE PRODUCTIONS**

***~ 'n Greep uit die lewe op die verhoog ~***

PRODUKSIEBESKRWYING:
*Groundswell* is 'n riller wat in Garnet Lodge, 'n gastehuis op 'n klein dorpie aan die Weskus van Suid-Afrika, afspeel. Johan en Thami werk by die gastehuis, maar beplan ook om 'n diamantkonsessie te koop. Wanneer Smith aankom, ontvou die drama …

ROLVERDELING: **Oudisies sal vir die volgende rolle gehou word:**

JOHAN
THAMI
SMITH

BENODIG: **Foto (in karakter)**
**Opvoer van 'n toneel uit die toneelstuk**

6.1 Veronderstel jy is 'n professionele akteur wat op die oudisiekennisgewing in BRON F reageer.

6.1.1 Noem die karakter wat jy vir jou oudisie gekies het en gee 'n rede vir jou keuse. (1)

6.1.2 Beskryf die karakter wat in VRAAG 6.1.1 genoem is. (4)

6.1.3 Stel voor watter klere jy vir die vereiste foto 'in karakter' kan dra. (3)

6.2 Jy is versoek om vir jou oudisie 'n dramaties uitdagende toneel, wat spanning in die toneelstuk skep, voor te berei.

6.2.1 Som op wat in die toneel wat jy gekies het, gebeur. (3)

6.2.2 Motiveer waarom jy die toneel in VRAAG 6.2.1 gekies het. (3)

6.2.3 Verduidelik enige DRIE van Stanislavski se tegnieke/metodes wat jy kan gebruik om voor te berei vir jou optrede in die toneel wat jy gekies het. (6)

6.2.4 Bespreek hoe jy jou stem of liggaam kan gebruik om die karakter in hierdie toneel te speel. (4)

6.3 Analiseer waarom die frase ' 'n Greep uit die lewe op die verhoog' 'n gepaste beskrywing van die genre van *Groundswell* is, deur na die intrige, taal en stel te verwys. (6)

6.4 Evalueer of *Groundswell* 'n gewilde en relevante toneelstuk vir internasionale/oorsese gehore kan wees, of nie. Fokus op die sosiale, politieke en kulturele kontekste. (10)
**[40]**

## VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G**

**Oudisies**
**vir 'n internasionale/oorsese produksie van**
***Mis* deur Reza de Wet**

GENRE: REALISME IN DIE TEATER

GESELSKAP: **SLICE OF LIFE PRODUCTIONS**

***~ 'n Greep uit die lewe op die verhoog ~***

PRODUKSIEBESKRWYING:
*Mis* is 'n magiese drama wat gedurende die Groot Depressie in die 1930's op 'n afgeleë hoewe in Suid-Afrika afspeel. Jong meisies het weggeraak. Wanneer Konstabel besoek aflê, sal niks ooit weer dieselfde wees nie …

ROLVERDELING: **Oudisies sal vir die volgende rolle gehou word:**

MIEM
MEISIE
GERTIE
KONSTABEL

BENODIG: **Foto (in karakter)**
**Opvoer van 'n toneel uit die toneelstuk**

7.1 Veronderstel jy is 'n professionele akteur wat op die oudisiekennisgewing in BRON G reageer.

7.1.1 Noem die karakter wat jy vir jou oudisie gekies het en gee 'n rede vir jou keuse. (1)

7.1.2 Beskryf die karakter wat in VRAAG 7.1.1 genoem is. (4)

7.1.3 Stel voor watter klere jy vir die vereiste foto 'in karakter' kan dra. (3)

7.2 Jy is versoek om vir jou oudisie 'n dramaties uitdagende toneel, wat spanning in die toneelstuk skep, voor te berei.

7.2.1 Som op wat in die toneel wat jy gekies het, gebeur. (3)

7.2.2 Motiveer waarom jy die toneel in VRAAG 7.2.1 gekies het. (3)

7.2.3 Verduidelik enige DRIE van Stanislavski se tegnieke/metodes wat jy kan gebruik om voor te berei vir jou optrede in die toneel wat jy gekies het. (7)

7.2.4 Bespreek hoe jy jou stem of liggaam kan gebruik om die karakter in hierdie toneel te speel. (4)

7.3 Analiseer waarom die frase ' 'n Greep uit die lewe op die verhoog' 'n gepaste beskrywing van die genre van *Mis* is, deur na die intrige, taal en stel te verwys. (7)

7.4 Evalueer of *Mis* 'n gewilde en relevante toneelstuk vir internasionale/oorsese gehore kan wees, of nie. Fokus op die sosiale, politieke en kulturele kontekste. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

**Hierdie vraag is VERPLIGTEND.**

## VRAAG 8

8.1 Die teater doen meer as om net die lewe te weerspieël, dit wys ons hoe dinge behoort te wees of kan wees – wat moontlik die gehoor kan verbeter of hulle tot optrede kan aanspoor.

– Helen Szymczak

Bespreek enige Suid-Afrikaanse teatervorm met 'n spesifieke agenda wat gebruik is om die lewe te weerspieël en om die gehoor tot optrede aan te spoor, bv. Protesteater, Werkswinkelteater, Versoeningsteater en Werkersteater. (12)

8.2 Repetisie gaan eintlik oor ondersoek/ontdekking en keuses. Ek het 'n paar verbasende ontdekkings oor myself en my karakter gemaak deur vrae te vra en ander keuses te maak.

– Guy Littleton

8.2.1 Bespreek die waarde daarvan om 'n repetisieproses te volg wanneer jy vir jou opvoerassesserings voorberei. (8)

8.2.2 Lewer kommentaar oor TWEE vokale of fisieke keuses wat jy tydens repetisies gemaak het om jou te help om jou karakter uit te beeld. (8)

8.2.3 Bespreek, met voorbeelde, hoe Dramatiese Kunste, as een van jou vakke, jou gehelp het om die volgende vaardighede vir die 21ste eeu te ontwikkel:

Kommunikasievaardighede
Kreatiewedenkevaardighede
Samewerkingsvaardighede
Kritiesedenkevaardighede (12)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**